Kort Verslag VGKSA Klassis Suid
Saterdag 27 Maart 2010 in die kerkgebou van Belhar

1. Opening deur die sameroepende kerk van Belhar

Ds. P. Abrahams van die sameroepende kerk van Belhar open die verrigtinge met die lees van Handelinge 15. Hy laat sing psalm 100:1 en 2. Hy gaan voor in die gebed.

2. Ondersoek van en verslag oor geloofsbriewe deur sameroepende kerk

Die kerke is wettig verteenwoordig deur:
Bethal: ds. E. Viljoen en Oudl. M.C. Nienaber
Belhar: ds. P. Abrahams en oudl. C.C. Willemse
Johannesburg: ds. C. Kleijn en oudl. S.J. Struwig
Kaapstad: Oudl'e G. Klapwijk en H.P. van Renssen

3. Konstituering van die Klassis en verkiesing van die moderamen

Voorsitter: ds. E. Viljoen, Skriba: A.W. Herder, Ondervoorsitter: ds. C. Kleijn

4. Verwelkoming waarnemers en adviseurs

As adviseur is aanwesig ds. J.A. Breytenbach. As waarnemers die kerkraad van Belhar.

5. Instemming met die belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs

Op die vraag van die voorsitter stem die afgevaardigdes in met die belydenis van die kerk deur op te staan.

6. Vasstelling van die notule

Die notule van die klassis van 19 September 2009 word vasgestel en geteken deur die voorsitter en die skriba. Geen sake uit die notule vra aandag nie.

7. Voorstelle en instruksies

a. Goedkeuring beroep van Belhar op proponent P. Abrahams
   Die skriba het die kerke in November 2009 gevra vir die skriftelike instemming met die beroep wat aanvaar was. Net Johannesburg het gereageer. Die vergadering aanvaar die feit dat die bevestiging plaasgevind het.
b. Vraag van Belhar i.s. steunaansoeke van die vereniging "De Verre Naaste" (DVN)
   Belhar vra hoe om aanvra van steun te hanteer. Die klassis noem dat gewoonlik die pad gevolg moet word vir deputate hulpbehoewende kerke vir die gewone uitgawes van 'n kerk en die pad van die sendingsdeputate vir projekte.

8. Preekbespreking

Ds. Abrahams het 'n preek ingehandig oor Johannes 21:1-14, wat gehou is op 6 Desember 2009 in die gemeente van Belhar.

9. Verslae van deputate

a. Die visitasie verslae word in-camera bespreek.
b. Eksamenreëling
   Die vergadering neem kennis van die verslag en die opdrag word gekontinueer. Mondeling word toeligting gegee, dat die deputate 'n stel tekortkomings raakgeloop het by die verskeie eksamens wat kerkordelik vereis word. Soos die saak van twee eksamens vir die proponente, waar ons tans net een eksamen het. Die eksamen van studente wat preekkonsent soek, word tans nie gehou nie, asook die colloquium van

predikante van oorsese kerke wat hier beroep is. Dan is daar die vraag wat die gevolg is van studente wat reeds ʼn aantal jare in die gemeentes gepreek het, maar op ʼn klassis afgewys word. Die vergadering stel vas dat moontlik in die kerklike praktyk van ons kerkverband sekere dinge skeefgegroei het en moontlik weer reggestel moet word. Die deputate word gevra om die raamwerk aan te gee vanuit die Kerkorde, waar die leemtes en probleme is en waar wil ons by uitkom en die oplossing. Daaruit moet dan ʼn voorstel voorgestel word wat deur die sinode aanvaar kan word, sodat ʼn eventuele nuwe reëling al in 2011 kan gebruik word in pleks van 2014.

c. Deputaat skriba/tesourier
   Insake die goedkeuring van beroepe besluit die vergadering dat dit beter is om van al die kerke in die klassis die skriftelike instemming te vra.
   Die klassis besluit dat die bedrag wat van die kerke gevra word gestel sal word op R6.00 per siel vir die jaar 2010.
d. Mentor P. Abrahams en C.A. van Wyk
   Op die vraag van die deputaat besluit die klassis om die (Nederlandse) dokument oor die aard van die mentorskap opnuut vir hom aan te stuur. Ook die opdrag vir die mentor sal uit die notule van die vorige klassisse geherformuleer word. Die klassis vra ds. Viljoen en die skriba om die saak te hanteer.
e. Kontrole argief en klassiskas
   Die klassis neem met dank kennis van die verslag.

10. Benoemings

Die klassis besluit dat benoemings geld vir die tydperk van ʼn jaar en dat die benoemings gewoonlik in die Maart vergadering sal gebeur.

a. Visitatore volgens artikel 44 KO
   Ds. C. Kleijn (koördineerder), ds. E. Viljoen en ds. J.A. Breytenbach
   Sekundi: Oudl'e A. Kuyvenhoven (Johannesburg), W. Van der Westhuizen (Bethal) en A. Van Vondel
b. Konsulente, niet nodig
c. Mentor ds. P. Abrahams en proponent C.A. van Wyk
   Br. J. Van der Linden (Kaapstad)
d. Deputaat Skriba en tesourier
   Br. A.W. Herder (Johannesburg)
e. Deputate klassis reëling en visitasie reëls
   Ds. E. Viljoen en br. A.W. Herder (sameroeper)
f. Kontrole argief en kas
   Br. D.A. Byker (Johannesburg) en sr. M.A. Bijker (Johannesburg, sameroeper)

11. Rondvraag volgens artikel 41 KO

Die voorsiter vra die vrae soos genoem in artikel 41 KO. Bethal vra voorbidding vir die beroepswerk. Verder het die kerke het geen sake vir die rondvraag nie.

12. Persoonlike rondvraag

Die ondervoorsitter dank die voorsitter vir die goeie leiding van die vergadering.

13. Sameroepende kerk en vasstelling van tyd en plek van die volgende Klassis

Bethal is die sameroepende kerk. Besluit word om die vergadering deur telefoniese konferensie te hou, tensy daar sake op die agenda geplaas word, wat ʼn vergadering wenslik maak. Die telefoniese konferensie sal plaasvind op Donderdagaand 16 September 2010 om

20:00. Indien ŉ vergadering gehou word sal dit plaasvind in die kerk van Bethal op Saterdag 18 September 2010.

14. Vasstelling van die notule en kort verslag
Die notule sal deur die moderamen vasgestel word en die skriba sal ŉ kort verslag vir die kerkblaaie aanbied.

15. Sensuur volgens artikel 48 KO
Hier word geen gebruik van gemaak nie.

16. Sluiting
Die vergadering sing Ps. 100: 3,4 en die ondervoorsitter sluit af met gebed.

Namens die klassis
br. A.W. Herder, Skriba